# Noah's Ark Independent Primary School

| Subject: Afrikaans | Examiner: Van Wyk, L |
|---|---|
| Type: Mid-Year Exam | Moderator: Böhmer, MA |
| Date: 28 May 2019 | Grade: 7 |
| Marks: 76 Marks | Time: 60 minutes |

Name:

**Instruksies:**

Lees die vrae aandagtig deur voordat jy begin skryf.

Maak seker dat jy al die vrae beantwoord.

Skenk veral aandag aan spelling, taalfoute en sinskonstruksie.


Skryf netjies en leesbaar.

## Afdeling A : Lees en Kyk

### Hoe om 'n windmeul te maak

**Benodigdhede**

1 Papier
2 'n Koppiespeld
3 'n Dun stokkie of 'n koeldrankstrooitjie
4 'n Kraletjie of 'n stukkie rubber
5 Verf of inkleurpotlode



**Instruksies**

1 Sny 'n vierkant van 10 cm uit 'n stuk papier.

2 Vou dit van hoek tot hoek.

3 Sny langs die stippellyne.

4 Stop 1 cm van die middel.

5 Vou die hoeke met die swart kolle na die middel.

6 Steek 'n koppiespeld deur die middel.

7 Gebruik 'n klein stukkie karton by die kop van die koppiespeld.

8 Steek die koppiespeld met die windmeul deur 'n dun stokkie of 'n koeldrankstrooitjie.

9 Plaas 'n stukkie rubber of 'n kraletjie tussen die windmeul en die koeldrankstrooitjie om te verhoed dat dit skuur.

10 Versier die windmeul volgens jou smaak. Om dit makliker te maak, kan jy die papier versier voordat jy die windmeul maak.

1. Hoeveel instruksies is daar? (1)

   a. 6 b. 12 c. 10

2. Hoe moet jy die papier vou? (1)

   __________________________________________________________

3. Hoekom moet 'n mens 1cm van die middel stop om die papier te sny? (2)

   __________________________________________________________

   __________________________________________________________

4. Hoekom dink jy moet 'n mens die koppiespeld in die middel en nie aan die kant van die windmeul steek nie? (2)

______________________________________________

______________________________________________

5. Hoekom plaas ons 'n stukkie rubber of 'n kraletjie tussen die windmeul en koeldrankstrooitjie? (2)

______________________________________________

______________________________________________

6. Wat hou die windmeul teen die koppiespeld? (2)

______________________________________________

______________________________________________

7. Hoekom dink jy is die instruksies in nommer orde en nie in 'n paragraaf vorm nie? (3)

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

_____ / 13 Punte (Afdeling A)

## Afdeling B Taalstrukture en Konvensies

Vraag 1: Voltooi die volgende sinne met die korrekte antonieme uit die raampie (5)

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| skaars | beledig | wantrou | onwillig | neerslagtig |

a. Bakang is nie opgewek nie, hy is ___________________.

b. Hy vlei nie Maele nie, hy _______________ haar.

c. 'n Mens kan iemand wat skinder nie vertrou nie, jy moet hom _______________.

d. Dansmaats is volop, maar vriende ________________.

e. Maele is gewillig om te vergewe, maar Bakang is ______________.

Vraag 2: Verander die volgende sinne van die bedrywende vorm na lydende vorm. (5)

a. Nomsa ry 'n BMW.

______________________________________________________

b. Sy het die waarheid gepraat.

______________________________________________________

c. Sy dra nuwe skoene.

_________________________________________________

d. Haar bure het dwelms gebruik.

_______________________________________________

e. Hy breek Nomsa se goed.

_______________________________________________

Vraag 3: Voorsien die volgende sinne met die korrekte leestekens. (10)

a. die dominee hulle is kwaad vir nomsa

___________________________________________________

b. die dominee die burgemeester die bure en oom kerneels is moedeloos.

_______________________________________________

_______________________________________________

c. sy kan oor alles praat want sy is nie dom nie.

_______________________________________________

Vraag 4: Verander die volgende sinne van die indirekte na die direkte rede. (3)

a. Sy sê Pieter is 'n regte jakkals.

_______________________________________________

b. Juffrou vra waar is sy huiswerk.

_______________________________________________

c. Die kinders skreeu hoera.

______________________________________________________________

_____ / 23 Punte (Afdeling B)

## Afdeling C Skryf en Aanbied


Kies een van die volgende onderwerpe en skryf 'n verhalende opstel van omtrent 160 – 180 woorde oor die volgende:

Die dag toe Blits my gered het. / Die rowers skrik vir Pillie die papegaai.

Woordeskat

| | | |
|---|---|---|
| skielik – suddenly | bevrees – afraid | vreesloos – fearless |
| dapper – brave | dadelik – immediately | held - hero |

kopkaart




______________________________________________________________

______________________________________________________________

Rubriek

| | | |
|---|---|---|
| 'n Verhaal in die verlede tyd geskryf | 3 | |
| Skryf in paragraaf vorm | 3 | |
| Oortuigende storie lyn gebruik | 3 | |
| 'n Ongewone einde gebruik | 3 | |
| In 'n informele styl geskryf | 3 | |
| Grammatika, spelling en leestekens | 5 | |
| Totaal | 20 | |

## Afdeling D: Luister en Praat

### Wat van oorlogkinders?

Rubriek

| | | |
|---|---|---|
| Hoorbaarheid | 5 | |
| Kan verskillend stemme beklemtoon | 5 | |
| Maak gebruik van leestekens | 5 | |
| Woorde korrek uitgespreek | 5 | |
| Totaal | 20 | |

# Noah's Ark Independent Primary School

| | |
|---|---|
| Subject: Afrikaans | Examiner: Van Wyk, L |
| Type: Mid-Year Exam | Moderator: Böhmer, MA |
| Date: 28 May 2019 | Grade: 7 |
| Marks: 73 Marks | Time: 60 minutes |

Name:

---

**Wat van oorlogskinders?**



Wat van kinders
as oorlog in hul land
verwoesting
saai? — strofe 1

Speel hul op swaaie?
Stoot dogtertjies pienk popwaentjies?
Teken kinders sonneblomme met hul kryt?
Trek rooi balle deur blou lug?
Plof glasalbasters in die stof?
Is daar kattekwaad, lawwe liedjies,
Klap-klap-speletjies met maats? — strofe 2

Kruip kinders onder beddens weg,
teddie teen die hart?
Is 'n brief van 'n soldaatpa die sonlig van hul dag?
Is stilte sonder harde slae van bomme hul musiek?
Word vliegtuie bangmaakvoëls wat om die nag lawaai?
Word hulle moeg van wegkruipertjie speel
met die dood? — strofe 3

Wat word van kinders
in 'n oorlog? — strofe 4

*Celia van den Berg*